

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 20 18 JUNIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

SKOOL AS VOORSORG GESLUIT

Twee van ons onderwysers en drie leerlinge het die afgelope 4 skooldae positief vir Covid-19 getoets, nadat hulle by hul huise met die siekte aangesteek is. Almal het betyds by die huis begin bly en nodige protokolle gehandhaaf sodat ons leerlinge nog veilig ge-ag word. Alles is by die departement van gesondheid aangemeld en ons tree volgens hul voorskrifte op.

Ons het besluit om die skool vir twee dae te sluit as voorsorg om al die klasse deeglik te laat skoonmaak en saniteer. Dit verseker ons dan dat die skool deeglik gereinig is as die leerlinge Maandag met eksamen begin.

KOM ONS BID

Daar is ook van ons ouers asook personeel se families wat tans ernstig siek is. Ons wil almal vra om saam met ons vir hul spoedige herstel in die moeilike tye te bid.

JUNIE-EKSAMEN

Die eksamen se datums skuif net twee dae aan en die leerlinge maak dan net twee dae later met die eksamen klaar.

Ons wil u graag net weer herinner aan die aanpassings wat ons gemaak het om die eksamen suksesvol te kan aflê. **Die graad 4- tot 7-leerlinge gaan van Maandag 21 Junie ook elke dag skool toe kom.** Omdat daar nou net maksimum 50 mense in die saal mag wees, is die saal ingerig sodat twee graad 7-klasse daar kan eksamen skryf. Die graad 7O-klas sal in hul klaskamer eksamen skryf.

Ons terreinbestuurder, Mnr. Lance Impey, het negentig nuwe enkel tafels vir die klasse gebou. Dit veroorsaak dat ons graad 5- en 6-leerlinge dan in hul klaskamers met die korrekte 1,5m afstande tussen die leerlinge kan inpas. Die graad 4-leerlinge word opgedeel in 4 klasse sodat die sosiale afstand meer as die 1,5m sal wees soos deur die departement voorgeskryf word.

VERDAAGTYE

21 Junie tot 2 Julie:

Die skool sluit vir al die grade om 12:00

5 – 8 Julie:

Kinders weer terug in klasse en groepe soos voor die eksamen.
Skool kom normale tye uit.

9 Julie:

Die skool sluit vir die einde van die kwartaal om 10:00

AFWESIGHEDE TYDENS DIE EKSAMEN

Indien 'n leerling gedurende die eksamen afwesig is, **moet hulle 'n doktersertifikaat verskaf**, anders kan **geen** punt vir die vraestel wat geskryf word toegeken word nie. Indien 'n leerling by die huis moet bly omdat 'n familielid positief vir Covid-19 getoets het, moet die familielid se toetsuitslag aan die skool gestuur word.

PLANTE VIR SKOOLTUIN

Mnr. Impey is besig om die voortuin van die skool op te gradeer. Dit begin al klaar pragtig lyk. Ons wil net weet of daar dalk ouers is wat plante aan die skool kan skenk as julle dalk jul tuine 'n bietjie uitdun.

Ons is opsoek na sekere soorte grondbedekkers wat in skadukolle kan groei, asook 50 clivia plante. Ons sal dit waardeer as u ons kan laat weet indien u enige beskikbaar het.

MCNEWTONPARK SOSATIE-SENSASIE

Ons herinner u graag aan ons McNewtonpark Sosatie-Sensasie waar u ons heerlike treffer-sosaties (6 sosaties teen R100) vir die Julie-vakansie se braai geleentheid kan koop. U kan steeds tot en met Donderdag, 1 Julie bestel sodat u dit by die skool op Donderdag, 8 Julie kan afhaal.



VAKANSIENASORG: JULIE 2021

Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n daadwerklike behoefte het om tydens die Julievakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. 12 Julie tot 23 Julie 2021 (10 dae). (Skole sluit Vrydag, 9 Julie 2021 en heropen Maandag, 26 Julie 2021)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 80 per dag, per kind, en R 800 vir 1 kind vir 2 weke. Die bedrag vir 2 kinders is R 1550 vir 2 weke, en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum van aansoeke is Maandag, 28 Junie 2021.

Indien u van ons nasorgdiens gebruik wil maak moet u asb. 'n e-pos na fin@lnpark.co.za, stuur.

SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal. Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS


REKENINGNAAM	LAERSKOOL NEWTONPARK
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	1400490089
TAKKODE	632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die mostertsaad is die kleinste van alle sade wat groter groei as 'n boom en al die groentesoorte. Jy besit dieselfde potensiaal, dus is niks vir jou onmoontlik nie!

Fil. 4:13



SKOOLHOOF

E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za

Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

- Ma – 21 Junie : **Skoolbywoning : Groep A + B**
EKSAMEN : Engels (Summary + visual text) graad 4 – 6
EKSAMEN : Afrikaans graad 7
Klerewinkel **07:30-12:00**
Skool verdaag om 12:00 gedurende eksamen
- Di – 22 Junie : **Skoolbywoning : Groep A + B**
EKSAMEN : Afrikaans graad 4 – 6
EKSAMEN : SW Aardrykskunde graad 7
Skool verdaag om 12:00 gedurende eksamen
- Wo – 23 Junie : **Skoolbywoning : Groep A + B**
EKSAMEN : NW graad 4 – 6
EKSAMEN : Engels graad 7
Klerewinkel **12:00-14:30**
Skool verdaag om 12:00 gedurende eksamen
- Do – 24 Junie : **Skoolbywoning : Groep A + B**
EKSAMEN : Afrikaans graad 4 – 6
EKSAMEN : SW Geskiedenis graad 7
Beheerliggaam vergadering : 17:00
Skool verdaag om 12:00 gedurende eksamen
- Vr – 25 Junie : **Skoolbywoning : Groep A + B**
EKSAMEN : Engels graad 4 – 6
EKSAMEN : Wiskunde graad 7
Klerewinkel **07:30-12:00**
Skool verdaag om 12:00 gedurende eksamen
Juf. Deyzel, Juf. De Lange en Juf. Henwick verjaar
- Sa – 26 Junie : **Mev. Elené Laas verjaar**

SPORT & KULTUUR

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL : VRYDAG, 11 JUNIE 2021

Hartlik geluk aan Grace Olivier in graad 3BL wat Vrydag, 11 Junie, gekies is om aan die "Friendly City Dance Festival" in die "Modern" en "Hip Hop" kategorieë deel te neem. Grace het in albei afdelings (solo en groepdans) weggestap met goue medaljes!



OP TWEKAMP : SATERDAG, 12 JUNIE 2021

Ben Nothnagel in graad 5Z en Gerhard Dippenaar in graad 5V het Saterdag, 12 Junie, aan die OP Tweekamp deelgeneem. Nie net hou hul Laerskool Newtonpark se naam hoog nie, hulle is ook ingesluit in die OP Tweekamp-span wat die komende vakansie in Somerset-Wes deelneem. Baie geluk!

